„Dit doen my genoë om vanmiddag voor hierdie gehoor te staan. Dit laat my dink aan die dag wanneer God Sy volk uit alle nasies en stamme en tale en volke sal vergader. Ek wil vanmiddag sê dat daardie dag nie meer ver is nie. Waar ons gelykheid het na die verbasende syfers wat ons vooruitgang aandui, bring dit aan ons 'n wonderlike boodskap. Ons vind in daardie welbekende teks, Matt. 24:14, hierdie woorde: „En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.” Wat sal kom? Die einde sal kom. Hierdie boodskap gaan vooruit, daar is geen twyfel aan nie, en ek is bly om aan hierdie volk te behoort. Ek is bly om 'n deel te kan hê in die verkondiging van hierdie boodskap aan die wêreld. Ek weet dat die broeders wat vanmiddag sal praat, u sal vertel van honderde wat die waarheid aanneem; maar weet u ons lees in die Bybel 'n gelykenis van die saaiër. Sommige plekke toon 'n wins van honderdvoud aan, ander sestigvoud, en weer ander dertigvoud. Miskien kom ek van 'n plek waar daar maar dertigvoud was, maar niesteenstaande dit nie, kan ek u vanmiddag sê, broeders en susters, dat daardie dertigvoud dierbare siele vir die Here is, en dat hulle soos ligte skyn waar hulle is.

**Vooruitgang Tenspyte van Teenstand**

„Dis nie so baie jare gelede dat ons werk begin het te Cancele Sendingstasie, op die grens van Pondoland, Griekwaland Oos nie. Ons weet dat net so gou as die boodskap gepreek word op 'n plek, daar teenstand verwek word. Dit was ons ondervinding in daardie deel van die land, want ons was teëgewerk by elke voorwaartse stap. Die werk was begin temidde van teenstand. Daar is 'n teks wat ek u vanmiddag wil voorlees. Dis opgeteken in 2 Tim. 2:9, „Waarin ek verdrukking ly tot die boeie toe soos 'n kwaaddoener; maar die Woord van God is nie gebonde nie.” Hier is 'n teks wat sê dat ons sal ly soos kwaaddoeners. Die mense was ge-waarsku om nie oor te kom na ons toe nie omdat ons Saterdag vir Sondag hou. Die teks sê ons sal ly soos kwaaddoeners, maar die Woord van God is nie gebonde nie. Niks ter wêreld wat mense kan doen kan die Woord van God verhinder om te skyn nie. Dis die Woord van die lewende God, en dit sal skyn in die duistere harte van manne en vroue tenspyte van alle teenstand en vervolging. Dit is die geval in ons deel van die land. Ek dink soms aan hierdie boodskap as die opgaande son. U weet die son kom nie sommer meteens op nie. Ons sien eers die dagbreek, en dan word dit langsaam ligter totdat die hele aarde verlig is. So is dit met hierdie boodskap; stadig gaan dit oor Afrika. Die Woord van God verlig die donkere harte van manne en vroue, en daar word navraag gedaan omtrent die waarheid. In ons deel van die land is daar baie wat ons eers teengewerk het, maar nou die boodskap ondersoek.

„Net 'n paar weke voor ek hierheen gekom het, het een van die kerkleiers, wat ons werk heftig teengestaan het, na my toe gekom en gesê: „Mfundisi, ek weet jy het die waarheid.” Hy sê, „As ek die kerk beskou waaraan ek behoort, dan kan ek geen lig sien nie, maar as ek oor die manier nadink waarop u die Woord verkondig, dan kan ek lig sien, en ek wil u vanmiddag sê dat ek besig is om klaar te maak om by u kerk aan te sluit.” Ek glo dat daardie jong man meen wat hy sê.

**Die Waarheid Versprei**

„Om u te vertel hoe dat die waarheid versprei, sal ek die volgende meedeel: „'n Tyd gelede het ons 'n poging begin in 'n deel, weg van die sendingstasie. Baie het na die tent gekom—sommige het vyftig my te voet geloop. Dink net daaraan—vyftig myl en meer met die voet loop net om die dienste by te woon! Toe hulle daar aangekom het, sê hulle, „Ons het gehoor dat u die Sabbatboodschap verkondig, en ons wil weet van die Sabbat.” Hulle het 'n paar dae gebly en is toe weer huistoe. Ek het hulle belowe om na hulle deel van die land te gaan en die boodskap aan hulle te verkondig. Laas jaar het ek die voorreg gehad om daarheen te gaan en ek het die mense wat die vorige keer na my tent gekom het daar aangetref. Die opkoms

was elke aand goed, en voor ons die poging afgesluit het, het 'n goeie klompie die waarheid aangeneem. Ons was ten einde raad wat om te doen, want die weer was ongunstig, en ons kon skaars die tent staande hou. Een dag het een van die natuurlewerkers my opsy geroep en gesê, „Hier is 'n vrou wat u wil sien.” Ons het 'n onderhoud met die vrou gehad. Sy het gesê: „Mfundisi, ek het die boodskap aangeneem wat u hier verkondig. Ek sien dis Gods waarheid. Ek sien lig. Ek wil 'n lid van hierdie kerk word.” Hierdie vrou was 'n weduwee. Haar man het 'n paar jaar gelede gesterwe. Voor sy dood het hy en nog andere 'n kerkgebou opgerig, en sy het aan my gesê, „ons het hier 'n kerkgebou, en ek wil dit aan u oorhandig. Sal u dit neem?” Dit is die wyse waarop God werk—Hy het geweet dat ons 'n gebou nodig het. Ek het haar hartlik bedank. Ons is toe van die tent na die gebou, en het daar in gemak ons dienste voortgesit. So werk die Here vir ons. Terwyl ons nog gedink het aan 'n kerkgebou was daar alreeds een vir ons klaar, en nou is daar 'n groep mense wat die Sabbat hou en daar aanbid. Diegene wat die boodskap aangeneem het, is nie ledig nie, hulle glo in werk vir die Here. Hulle gaan rond en hou Bybellesings onder die mense; toe ek onlangs daar was het een van die susters met haar eie hand die name afgeskryf van sommige wat die boodskap aangeneem het, en so groei die groep daar.

### Die Mense wil die Woord van God hê

„Toe ek laas daar was op besoek het ek 'n siek vrou besoek; na ons saam gebid het, het ons die lied, „Inkos I Fikil Muyango”—,The Coming King is at the Door—gesing. Onderwyl ons besig was met die singery, het die mense by die hut ingestroom totdat dit vol was. Ek was klaar om te vertrek, maar toe ek die mense so sien inkom, getrek deur die singery, het ek die geleentheid te baat geneem en 'n toespraak gelewer oor die tweede koms van ons Here.

„Terwyl ons besig was met die poging op hierdie tweede plek, het daar mense gekom van 'n ander plek af, en gesê, „Ons het gekom om u te nooi na ons plek.” Ek het belowe om aan hul versoek te voldoen, en toe ons daar kom het ons 'n groot klomp mense gevind wat op ons gewag het. Ek het nog nooit mense gesien wat so aandagtiglik na die boodskap geluister het, as daardie heidene daardie dag nie. Ek het tekste opgeslaan en gewys hoe dat die profesie vandag vervul word; ek kon sien hoedat hulle die boodskap ingedrink het. Gods Gees was daar en het 'n groot indruk gemaak op die mense. Toe ek met die Woord van God so in my hand staan, het 'n man opgestaan en gesê, „Mfundisi, ons wil daardie Boek—die Woord van God hê.” Ja vrinde, wat die mense vandag wil hê, en nodig het, is die Woord van God. 'n Goeie aantal is gedoopt in die paar jaar wat ons nou daar is. Daar is ook 'n taamlike aantal in die doop klasse wat uitsien

om gedoop te word by ons aanstaande kampdienste.

Dit sou u hart goed doen as u ons kampdienste kon bywoon en daar party van die ernstige manne en vroue ontmoet—die goeie ou Xosas. Ons het lede wat volslae heidene was, maar vandag aanbiddende hulle God net soos ons, en hou die Sabbat van Jehova. Ons hou goeie moed as ons sien dat die werk van God gou sal voltooi word.

„Ten slotte wil ek Openb. 7: 9 lees: „Ná hierdie dinge het ek gesien—kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande.” Die opofferings wat u maak om die boodskap van God aan die wêreld te stuur is nie tevergeefs nie. Laat ons maar 'n bietjie langer aanhou, want gou sal God Sy volk byeen vergader uit alle nasies. Mag almal wat vandag hier teenwoordig is onder daardie skare wees, is my bede.”

## S. A. Konferensie

L. L. Moffitt ..... President

P. W. Willmore ..... Sekr.-Tes.

Bus 256, Bloemfontein, O. V. S.

## Belangrike Resolusies

### Geneem tydens die Suid-Afrikaanse Konferensiesitting

'n Aantal belangrike resolusies was geneem tydens die eerste sitting van die Suid-Afrikaanse Konferensie, en dit doen ons genoë om dit in hierdie uitgawe van die OUTLOOK te publiseer.

Na ons geluister het na die goeie rapporte ingedien deur die beampies en sekretarisse van die konferensie, was die volgende gepaste resolusie van dankbaarheid aangeneem:

#### Resolusie van Dankbaarheid

Waar ons die baie seëninge van God op die werkers en gelede van die Suid-Afrikaanse Konferensie gedurende die afgelope tweejarige tydperk besef, asook die wakende oog van ons Hemelse Vader oor Sy werk, so kenlik waargeneem gedurende die tye van algemene depressie, en die verwoestende droogte wat 'n groot deel van die konferensie gebied geteister het; en waar ons met innige dankbaarheid die beskermdende hand van God oor die huise en lewens van die werkers en lede, in 'n tyd van beroering en akute finansiële druk erken, daarom

*Besluit ons,* Op hierdie konferensiesitting dat ons aan die Here gee „Die eer van Sy Naam, . . .” „Loof die Here, want Hy is goed, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid.”

*Verder besluit ons,* Dat ons, ons lewens, ons kinders, en alles wat ons het, aan ons

Hemelse Vader opnuut sal toewy vir die voleinding van Sy werk, om sodoende die koms van ons Here Jesus, wat ons sal neem na ons ewige tuiste, te verhaas.

'n Tweede resolusie, soos volg, was toe aangeneem:

#### Resolusie van Simpatiebetuiging

AANGESIEN, Die wrede dood, gedurende die afgelope twee jaar, party van ons getroue werkers en kerklede afgemaai het, en ons harte gevul het met droefheid waar ons hulle te ruste gelê het, daarom,

*Besluit ons,* Dat ons aan die bedroefde familiebetrekkings ons innige meegevoel betuig en hulle wys op die heerlike opstanding by die tweede koms van ons Here Jesus, asook op die belofde seën, soos deur die apostel openbaar: „Salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en hulle werke volg met hulle.”

#### Evangelisasie

Die voorstel aangaande evangelisasie is van spesiale belang, want dit raak 'n probleem wat ons tot dusver nie kon oplos nie. Die hoop word gekoester dat geskikte jong dames sal gevind word wat hul lewens sal toewy aan daardie roeping wat so doeltreffend is in die redding van siele, n.l. die Bybelwerk. In hierdie voorstel het die konferensie ook besluit om die uitvoerende komitee te versoek om evangeliste te stuur na Suidwes Afrika. Evangelisasie deur leke het ook die aandag van die konferensie geniet. Waar hierdie klas van werk binne die konferensie gebied onderneem is, was die resultate baie bevredigend. Die voorstel lui as volg:

AANGESIEN, Die oproep tot groter evangelisasie in hierdie tyd so beklemtoon word, en

AANGESIEN, Ons die groot behoefte besef dat bekeerlinge tot die waarheid deeglik op alle punte van die waarheid onderrig moet word alvorens hulle aansluit as lede van die kerk, en ten einde dat die pogings van ons evangeliste nog meer doeltreffend mag wees;

*Beveel ons aan,* Dat geskikte en ontwikkelde jong dames, wat geroepe voel tot die Bybelwerk, sal aangemoedig word, beide deur die konferensie en Helderberg Kollege om die Bybelwerkers kursus te volg ter voorbereiding vir die werk van die Here binne hierdie konferensie.

AANGESIEN, Die uitgestrekte gebied van Suidwes Afrika, wat onder hierdie konferensie val, nog nie met die Derde-engel Boodskap binne gedring is, behalwe deur leesstof;

*Beveel ons aan,* Dat die uitvoerende komitee die saak hul ernstige aandag skenk met die oog op die instuur van evangeliste na hierdie deel van ons arbeidsveld.

#### Evangelisasie deur Leke

AANGESIEN, Die oproep tot groter evangelisasie sommige van ons kerklede aangewakker het om die waarheid te verkondig in sale of huise, met die gevolg dat daar siele gewin is; daarom,

*Beveel ons aan,* (1) Dat met die oog



op die gebruik deur die konferensie, van die hulp van ons leke by die evangelieverkondiging, gee ons aan die hand dat die komitee ernstige aandag sal wy aan hierdie saak en sorgvuldig, broeders wat bewys lewer van sukses in hierdie soort werk, sal uitsoek en met hulle planne sal beraam wat betref tyd, plek, en die wyse waarop hulle openbare pogings sal onderneem; met die verstandhouding egter, dat sulke reëlings die konferensie nie sal verplig om diegene wat leke pogings onderneem geldelik te ondersteun nie.

(2) Dat die komitee, waar hulle sulke selfondersteunde werkers van voorligting bedien, ook die wenslikheid van geldelike bystand tot dekking van saalhuur en ander bykomstige onkoste, waar nodig blyk, gunstiglik sal oorweeg.

Die eenaardige toestande wat vandag in die werk van die Here aangetref word maak dit gebiedend noodsaaklik dat ons kerke sterk en selfstandig sal wees. Met die oog hierop was die volgende resoluësie aangeneem:

### Versterking van die Kerke

AANGESIEN, Een van die grootste behoeftes vandag in die werk van die Here selfstandige kerke is;

*Beveel ons derhalwe aan,* (1) Dat elke herder en evangelis sy uiterste sal doen om geskikte lede in die kerke wat hulle bedien, op te lei as voorgangers, en dat al die lede van die kerk georganiseer sal word vir die redding van siele.

(2) Dat die konferensie komitee hieroreenkomstig instruksies uitvaardig aan evangeliste en hulle toelaat om lank genoeg by 'n kerk te bly sodat hulle hieraan kan voldoen.

### Kerkbeamtekonvensies

Om te help in die verdere opbouing van ons kerke was daar 'n resoluësie aangeneem—dit lui soos volg:

AANGESIEN, Die Gees van profesie ons leer dat „die werk van die Here op aarde nooit kan voleindig word nie tensy die manne en vroue waaruit die kerk bestaan almal saam die werk aanpak.”—„*Testimonies*,” Deel IX, bls. 117, en

AANGESIEN, Die toestande in die wêreld duidelik aantoon dat ons naby die einde is,

*Beveel ons aan,* (1) Dat die konferensie komitee bepaalde voorsiening maak om kerkbeamtekonvensies te reël op verskillende plekke, vroeg in elke jaar, met die oog op die betere toerusting van ons kerkbeamptes vir hulle bediening.

(2) Dat hulp aan kerkbeamptes sal verstrek word in gevalle waar die komitee dit nodig ag, om die konvensies by te woon.

### Oesinsameling

AANGESIEN, Ons die moeilikheid besef wat ons finansiële departement het om die nodige fondse te voorsien vir die sendingveld om gehoor te gee aan al die roepstemme wat tot hulle kom;

*Beveel ons aan,* (1) Dat ons die som van £3,075 as doelwit aanneem vir die

Suid-Afrikaanse Konferensie in hulle aanstaande Oesinsameling veldtog.

(2) Dat hoewel ons die getroue pogings van baie van ons werkers en kerklede in die verlede ten seerste waardeer, wil ons nogtans spesiaal onder die aandag van elke werker en kerklid, die verantwoordelikheid bring wat op hulle rus in hierdie kritieke tye, om hulle deel te doen in die jaarlikse poging om fondse in te samei vir ons behoeftige sending saak, sodat ons die werk so ver mag uitbrei as moontlik.

### Gesondheid

Ons het die voorreg gehad om 'n aantal dokters op die konferensie teenwoordig te hê wat ons uitstekend bygestaan het in verband met ons gesondheidsboodskap.

Twee resoluësie was in hierdie verband aangeneem:

### Tee- en Koffiedrinkery

*Besluit,* Dat hierdie konferensie met groot ontsteltenis die algemene tee- en koffiedrink gewoonte onder ons mense opmerk, en dit, tenspyte van die regstreekse veroordeling daarvan deur die Gees van profesie. Ons dring dus aan by ons lede om in hierdie saak te handel volgens die getuënisskrifte.

### Gesondheidshervorming

AANGESIEN, Gesondheidshervorming, in die Gees van profesie genoem „Die regterhand van die boodskap,” op 'n baie swak basis staan in hierdie konferensie, en daardeur die werk vertraag en dit moeilik maak om die beginsels van gesondheid en matigheid toe te pas, en

AANGESIEN, Baie van ons lede nie in die geleentheid is om behoorlike onderrig in hierdie opsig te geniet nie, daarom

*Besluit ons,* Om die konferensie komitee te adviseer om die netto oprings van die Maritzburg eiendom beskikbaar te stel as 'n fonds om in die behoeftes van die mediese werk te voorsien. Hierdie fonds moet as volg bestee word:

(1) Om te help in die daarstelling van verpleegkamers in verband met ons kerke soos in die Getuënisskrifte voorgeskryf.

(2) Dat die konferensie komitee die aanstelling van 'n gekwalifiseerde en toegewyde verpleegster sal oorweeg, wat behoorlike hulp en onderrig sal verskaf, nie alleen aan die kerke en groepe nie, maar ook in die huise van ons mense, en dat die onkoste deur die mediese fonds gedek sal word.

AANGESIEN, Daar definitiewe voorligting op die gebied van gesondheidshervorming in die Gees van profesie en in ons verskillende gesondheidspublikasies gegee word, dring ons by ons lede aan om ernstige pogings aan te wend om die boeke „Ministry of Healing,” en „Counsels on Health” aan te skaf, asook in te teken op die goeie tydskrifte deur ons denominasie uitgegee.

### Strewersbond en Opvoeding

*Besluit,* Dat die volgende doelwitte vir die Strewersbond Department vir 1934 gestel sal word:

'n 100% rapporterende ledetal.

Elke Strewer 'n waarnemer van die Oogendwake.

Dat die getal, gedoop as gevolg van die arbeid van jong mense vyftien sal wees.

Bybel-leessertifikate .....	60
Leeskursusertifikate .....	250
Bekwaamheidsertifikate .....	10
Meester-kameraadspelde .....	1
Vriendspelde .....	75
Geselspede .....	35
Kameraadspelde .....	6
Beroepsonderskeiding .....	30
Die Oesinsameling doelwit moet wees .....	£425

### Opvoeding

AANGESIEN, Ons kinders 'n heilige erfenis van God is, wat ons eendag tot verantwoording sal roep, en

AANGESIEN, Die opvoedkundige rigtings in die Goewermentskole weg van die eenvoudigheid van die Bybelse godsdiens en geloof is, en

AANGESIEN, Die Gees van profesie ons leer om ons kinders en jong mense 'n Christelike opvoeding te gee,

*Beveel ons aan,* (1) Dat ons leiers in die veld, werkers, en ouderlinge, die beginsels van Christelike opvoeding onder die aandag van ons kerklede bring.

(2) Dat elke kerk die moontlikheid van die daarstelling van 'n kerkskool sal oorweeg, waar hul kinders onder die invloed van 'n Christenonderwyser kan staan.

(3) Dat al ons ouers alle pogings sal aanwend om hul kinders vir hoëre onderwys en kollege opleiding na Helderberg Kollege te stuur.

### Sabbatskool

AANGESIEN, Die Sabbatskool Departement van die konferensie nie daarin geslaag het om sy finansiële doelwit te bereik nie;

*Beveel ons aan,* Dat die finansiële doelwit vir elke Sabbatskool gestel word op 9d. per kerklid per week, en vir die dertiende Sabbat 2/6 per lid.

Waar ons hierdie aanbeveling doen, besluit ons om nie die peil wat ons offerandes in die verlede bereik het te verlaag nie, maar dat ons die doelwit wat die Skrif ons stel nie sal vergeet nie, „Elkeen . . . namate sy voorspoed is.”

### Leesstofbediening

Waar ons bewus is van die feit dat ons leesstofbediening 'n altyd groter rol sal speel in die voleinding van Gods werk, en met die oog op die behoefte aan 'n wyer sirkulasie van ons leesstof, verpand ons onself om die volste ondersteuning te gee aan ons kolporteur-evangeliste in ons konferensie, deur;

1. Te streef om ons kolporteurwerk te vergeestlik, en dit sy regmatige plek te gee, op die selfde geestelike basis as al ons ander evangeliewerk.

2. Insteede van na 'n geldelike doel te streef, die ware doel, redding van siele te maak.

3. Te sorg dat die beste leiding gegee word aan die kolporteurkorps in hierdie konferensie.

4. Diegene wat hul opleiding aan ons kollege voltooi het, aan te moedig om die

kolporteurswerk te kies as beroep.

5. Ons werkers en voorgangers in die gemeentes aan te moedig om by hul kerke aan te dring om 'n groter gebruik te maak van ons tydskrifte en traktate.

**Gees van Profesie**

1. AANGESIEN daar baie van ons lede is wat onbekend is met die doel en plek van die Gees van profesie in die kerk; en aangesien daar so veel afhang van die erkenning van hierdie gawe om ons lede op te bou en getrou te hou in die boodskap, daarom;

*Besluit ons*, Dat ons by al die werkers sal aandrang om die kerklede aan te moedig om hulself op hoogte te stel van die geskifte van die Gees van profesie, en dat ons die konferensie komitee versoek om hul aandag te skenk aan die benoeming van een of meer van ons ervare en beproefde werkers om van 'n week tot twee weke in elke kerk deur te bring, en onderrig aangaande die Gees van profesie te gee, en om die lede aan te moedig om die nuwe boek, „Uittreksels uit die Getuienisskrifte” aan te skaf, asook „Eerste Geskifte” en ander dele.

**Eerbied in Gods Huis**

AANGESIEN Daar groot gevaar in hierdie dae, vir gebrek aan eerbied vir Gods huis bestaan,

*Besluit ons*, Om ons invloed te laat geld dat ons kerke vir geen ander doel gebruik sal word dan alleen vir die aanbidding en diens van God nie, en dat ons al ons werkers sal vra om beide deur lering en voorbeeld die kerke onder hulle toesig te leer hoe om orde en eerbied in Gods huis te handhaaf.

Drie belangrike resolusies van groot belang vir ons Afrikaans sprekende lede was aangeneem op die konferensie. Dit handel oor die *Tekens van die Tye*, die Afrikaanse liedereboek, en die gebruik van sekere Afrikaanse terme. Die resolusies is soos volg:

**Tekens van die Tye**

AANGESIEN, Die *Tekens van die Tye*, ons Afrikaanse sendingblad, nou al vir die laaste drie jaar aansienlike geldelike steun van die konferensie moes ontvang, sonder die geringste uitsig van selfstandigheid, en

AANGESIEN, Die huidige posisie nie onbepaald kan voortduur nie,

*Beveel ons derhakwe ernstiglik aan*, Dat al ons mense en Afrikaanse werkers, kerklede veral, die saak geesdriftig sal aanpak deur die hele konferensie, met die doel om die sirkulasie van die blad te verhoog tot 5,000 eksemplare by die einde van 1935, deur subskripsies en klubs.

**Rapport van Afrikaanse Liedereboek Komitee**

Broeder Voorsitter,

Na u komitee die kwessie van 'n Afrikaanse liedereboek sorgvuldig oorweeg het, beveel hulle eenparig die volgende aan:

(1) Die komitee besef dat die onderneming om 'n tweetalige liedereboek van sê 400 Engelse en 400 Afrikaanse liedere uit te gee, 'n reusetaak is, wat tyd en geld sal kos. Dog aangesien daar 'n onmidde-

like behoefte is in ons kerke, asook in die evangeliewerk, beveel ons aan dat daar 'n voorlopige boek bevattende omtrent 200 Afrikaanse liedere (sonder note) sal uitgegee word; van so'n grootte en fatsoen dat dit gemaklik in, of langsaan „Christ in Song” gehou kan word sodat die note gevolg kan word deur diegene wat dit verlang—die nommers moet ooreenstem met die van „Christ in Song.”

(2) Ons voel dat daar 'n werklike behoefte in die veld is aan 'n geskikte liedereboek, en dat die ideaal 'n tweetalige boek is, met note vir beide die Engels en Afrikaans, maar dat dit 'n saak is wat nie blindelings onderneem moet word nie. Ons gee dus aan die hand dat daar 'n vaste komitee aangestel word om met die saak van die uitsoek van geskikte liedere en die vertaling daarvan waar nodig, voort te gaan.

Verder beveel ons aan dat pogings aangewend word om binne agtien maande tenminste 400 liedere gereed te hê.

*Besluit*, Dat ons 'n lys van sowat vyf-en-twintig Afrikaanse ekwivalente van Engelse terme in die OUTLOOK sal publiseer vir algemene informasie, soos voorgestel deur die komitee wat met die saak belas was.

(Die lys van Afrikaanse ekwivalente sal in 'n latere uitgawe van die OUTLOOK verskyn.—Red.)



**Nuus vir die Sabbatskole**

DAAR ons bewus is van die diepe belangstelling wat ons mense oor die algemeen toon, in die vooruitgang en stand van ons Sabbatskoolwerk, maak ons gebruik van hierdie geleentheid om deur middel van die OUTLOOK, u 'n lys aan te bied van die grade van al ons Sabbatskole aan die einde van die eerste kwartaal van 1934.

Ons skole word gradeer volgens drie doelwitte:

(a) 85% van die Sabbatskool ledetal elke Sabbat die hele kwartaal teenwoordig.

(b) 65% van die Sabbatskool ledetal 'n volmaakte studierekord vir die kwartaal.

(c) 75% van die offerande doel van 9d. per week per kerklid in die geval van blanke lede, en 4d. vir die Bruinmense. 'n „A” graad dui aan dat al drie hierdie doelwitte bereik is. 'n „B” graad dui aan dat twee van die doelwitte bereik is. „C” dui aan dat net één bereik is, terwyl „D” die lae peil aandui waar geeneen van die doelwitte bereik is nie.



**Sabbatskool Grade**

Vir kwartaal geëindig Maart 1934

<i>Sabbatskool</i>	<i>Graad</i>
Bloemfontein .....	A
Claremont .....	A
Elliot .....	A
Port Elizabeth .....	A
Senekal .....	A
Nongoma .....	B
Lilani .....	B

Queenstown .....	B
Oos Londen .....	B
Rokeby Park .....	B
Orange Grove .....	B
Cathcart .....	B
Sweetwaters .....	B
Uitenhage .....	B
Durban .....	B
Grahamstown .....	B
Bethlehem .....	B
Fochville .....	B
Steynsburg .....	B
Frankfort .....	B
Aberfeldy .....	B
Hlobane .....	C
Helderberg .....	C
Johannesburg .....	C
Worcester .....	C
Krugersdorp .....	C
Douglas .....	C
Benoni .....	C
Pretoria .....	C
Kaapstad .....	C
Ceres .....	C
Kimberley .....	C
Vredendal .....	C
Kingwilliamstown .....	C
Boksburg North .....	C
Booysens .....	C
Germiston .....	C
Langkloof .....	C
Christiana .....	C
Doornpoort .....	C
Maritzburg .....	D
Reitz .....	D
Ermelo .....	D
Standerton .....	D
Brakpan .....	D
Potchefstroom .....	D
Bonnievale .....	D
Parys .....	D

**Sabbatskole vir Bruinmense**

Somerset Wes .....	A
Soutrivier .....	B
Uitenhage .....	B
Wynberg .....	B
Donkinstraat .....	C
Kensington .....	C
Elim .....	C
Athlone .....	D
Beaconsfield .....	D

Aanstaande kwartaal sal ons die grade publiseer met die name van die superintendente van die verskillende Sabbatskole.

**Ons Offerandes**

Op die onlangse kampvergadering was daar 'n besluit geneem om die doelwit vir Sabbatskool offerandes te verminder van 1/3 tot 9d. per week per kerklid vir blankes en van 7½d. tot 4d. vir Bruinmense. Ons het gevoel dat hierdie bedrae nog binne ons bereik is.

Persoonlik gee ons natuurlik na mate die Here ons gesêen het, daar sommige in staat is om meer mildelik by te dra vir die werk van die Here as andere, maar as elke skool sal trag, al kos dit opoffering, om gemiddeld 9d. per lid per week by te dra, sal die Saak en die volk van God ryke seëninge ontvang.

Die volgende opsomming dui aan hoeveel

per week per lid gegee is gedurende die kwartaal geëindig 31 Maart 1934. Ons vertrou dat ons rapport aanstaande kwartaal vooruitgang sal aantoon in baie van ons skole.

### Sabbatskool Offerandes

Bedrag gegee per week per kerklid vir kwartaal geëindig Maart 1934

Nongoma	4/1
Lilani	3/5
Hlobane	1/9
Queenstown	1/7
Oos Londen	1/1½
Rokeby Park	1/-
Orange Grove	1/-
Port Elizabeth	11d.
Elliott	11d.
Cathcart	10½d.
Claremont	10d.
Sweetwaters	10d.
Uitenhage	10d.
Durban	9½d.
George	9d.
Senekal	9d.
Bloemfontein	8d.
Helderberg	7d.
Johannesburg	7d.
Maritzburg	6½d.
Worcester	6d.
Krugersdorp	6d.
Douglas	6d.
Grahamstown	5d.
Benoni	5d.
Pretoria	4d.
Kaapstad	4d.
Bethlehem	4d.
Aliwal Noord	4d.
Reitz	4d.
Ceres	4d.
Booyens	3d.
Fochville	3d.
Kimberley	3d.
Ermelo	2½d.
Vredendal	2d.
Standerton	2d.
Kingwilliamstown	2d.
Boksburg Noord	2d.
Steynsburg	2d.
Frankfort	2d.
Aberfeldy	1½d.
Brakpan	1d.
Germiston	1d.
Langkloof	1d.
Christiana	1d.
Potchefstroom	¾d.
Bonnievale	¾d.
Doornpoort	¾d.
Parys	¾d.
Donasies per week per lid vir konf.	6d.
<b>Sabbatskole vir Bruinmense</b>	
Somerset West	6½d.
Soutrivier	4½d.
Uitenhage	4½d.
Wynberg	4d.
Donkinstraat	3d.
Athlone	3d.
Elim	2½d.
Beaconsfield	2d.
Elsie's River	2d.
Kensington	2d.
Donasies per week per lid vir veld	3d.

## Die Nuwe Tekens

### Belangrike Kennisgewing

J. I. ROBISON, *Redakteur*

Die *Signs of the Times* begin tans sy elfde jaar van geseënde sendingwerk in Suid-Afrika. Vir drie jaar word die blad nou al in beide Engels en Afrikaans uitgegee. Dus het daar omtrent al 1,350,000 eksemplare van hierdie tydskrif die veld ingegaan van dat die eerste uitgawe van die *Signs of the Times* byna elf jaar gelede gedruk is.

Ons voel egter dat die *Tekens* en die *Signs* nog 'n groter plek moet inneem in ons buurtsendingwerk in Suid-Afrika as in die verlede. Dit is ons één sendingtydskrif wat al die mense in hierdie groot land kan bereik. Laat ons dit ons tot taak stel om hierdie boodskappers van waarheid soos herfsblare oor Suid-Afrika te versprei. Op geen ander manier kan die waarheid sommige afgeleë plase en huisgesinne bereik nie.

Die redakteurs van die blad probeer om 'n tydskrif uit te gee wat tred hou met die tye, wat sal byval vind by almal en wat terselfder tyd die waarheid vir ons dae bevat. Om groter belangstelling op te wek, het ons nou twee nuwe rubrieke begin— „Gesondheid, Geluk en die Gesin” en „'n Hoekie vir die Kinders.” In hierdie blad-sye sal ons artikels plaas waarin die huisvrou belang stel, asook stukke oor gesondheid in die algemeen, stories vir die kinders en wenke wat elke moeder sal help in die versorging en opbouing van haar huis en die opvoeding van haar kinders.

Verbetering is ook aangebring wat betref die opskrifte en die algemene opstelling, sodat ons met die Junie uitgawe 'n „Nuwe Tekens” het vir 'n wyer sirkulasie en 'n groter plek in ons buurtsendingwerk in Suid-Afrika.

Die *Signs* was nietemin nog nooit 'n betalende onderneming vir die Sentinel Uitgewers Maatskappy nie, en is al die jare teen 'n verlies uitgegee, viral wanneer die Sentinel 'n deel van die redakteur se salaris moes bydra. Aangesien dit so is, en aangesien ons in die verlede 'n groter kommissie toegelaat het as enige ander Sewende-dag Adventiste tydskrif in die wêreld, het die Sentinel Raad op 'n onlangse vergadering in Johannesburg besluit dat die kommissie wat sal toegelaat word vir ons lede wat intekenare werf, van 1 Junie af, sal wees 6d. per subskripsie. Dit sal egter gegee word vir elke subskripsie en nie net wanneer daar vyf tegelyk ingestuur word soos in die verlede nie. Die intekengeld sal dieselfde bly, n.l. 2/6 per jaar, maar instede dat 1/- toegelaat word vir diegene wat intekenare werf, sal die kommissie verminder word tot 6d. Dit sal beteken dat die Sentinel Uitgewers Maatskappy die blad sal kan uitgee sonder verlies en ook in staat sal wees om rubrieke by te voeg wáarin al ons lesers belang stel.

Ons versoek ook vriendelik dat *alle intekengelde* vir beide *Tekens* en *Signs* in die toekoms direk gestuur word aan „Die

Sentinel Uitgewers Maatskappy,” Posbus 6, Claremont, Kaap, en nie aan die boekdepôt soos in die verlede nie. Alle subskripsies moet egter van kontant vergesel wees, daar ons geen rekenings kan open met individue of kerke nie.

Met betrekking tot kerkklubs sal ons voortgaan soos in die verlede met die manier waarop ons bestellings uitvoer. Klubs moet hul bestellings aan die boekdepôt stuur net soos alle bestellings van kerklede vir ander leesstof. In die toekoms sal die pryse vir kerkklubs wees 1½d. per eksemplaar vir klubs tot 500, daarna sal die prys 1d. per eksemplaar wees. As 'n kerk egter 5 eksemplare per kerklid neem, sal die prys 1d. per eksemplaar wees. As 'n kerk van twintig lede dus 'n klub van 100 *Tekens* of/en *Signs* neem, sal hulle 1d. per eksemplaar gevra word. 'n Kerk van tagtig lede moet 400 eksemplare neem om dit teen 1d. stuk te kry. Ons meen dat dit 'n eenvoudiger stelsel sal wees vir ons klubs en dat dit regverdig sal wees teenoor kerke met 'n klein ledetal.

Nou dat ons hierdie nuwe beleid invoer, vertrou ons dat almal hartelik sal meewerk om die „Nuwe Tekens” 'n wyer sirkulasie dwarsdeur die veld te gee en as 't ware 'n hergeboorte in 'n uitgebreider evangeliewerk.

## Kennisgewing

Diegene wat bydraes vir die *OUTLOOK* in die vorm van artikels of rapporte stuur, moet sorg dat hulle die redakteur betyds bereik. Om ons medewerkers tegeroet te kom, het ons 'n skedule voorberei van datums waarop stukke die redakteur moet bereik, b.v. as 'n artikel geskrywe word vir die uitgawe van 1 Augustus, dan moet dit die redakteur nie later as 20 Julie bereik nie. Hier volg die skedule:

Uitgawe	Stuk moet redakteur bereik
1 Julie	22 Junie
15 Julie	6 Julie
1 Augustus	20 Julie
15 Augustus	6 Augustus
1 September	23 Augustus
15 September	6 September
1 Oktober	20 September
15 Oktober	5 Oktober
1 November	23 Oktober
15 November	6 November
1 Desember	21 November
15 Desember	6 Desember
1 Januarie	21 Desember

## Gevra

BETROUBARE meisie vir algemene huiswerk. Moet gesond en 'n Adventis wees. Goeie huis. Verskaf ouderdom en besonderhede aan Mevr. G. G. Rossouw, Klipdale, C. P.

## The Southern African Division Outlook

Published semi-monthly by the  
General Conference of Seventh-day Adventists  
(Southern African Division)  
Subscription price, 2/6 per annum

A. E. NELSON ..... Editor  
MRS. J. L. MILFORD ..... Asst. Editor  
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS  
J. F. Wright ..... President.  
A. E. Nelson ..... Treas. and Auditor  
A. F. Tarr ..... Secy. and S. S. Secy.  
A. N. Tonge ..... Medical Secy.  
M. P. Robison ..... Ed. and M. V. Secy.  
F. E. Potter ..... H. M. and Field Miss. Secy.  
J. I. Robison ..... Religious Liberty Secy.

### Helderberg College News Notes

WE regret to report that Miss Nell, the College stenographer, who took very ill about six weeks ago is in a very low state.

MISS ALISON EVA writes that she will be with us in a few days' time. She will take charge of the library for the remainder of the year.

PLANS are being laid to conduct our Harvest Ingathering Campaign early in June. Elder A. W. Staples expects to be with us for a short time.

DOCTOR TONGE spent three days at the College recently carrying out a medical examination of the students. He reports the general health of the students as being quite satisfactory.

A FIRE brigade has recently been organised at the college. Regular drills are to be held. Modern instant couplings and standard hose equipment have recently been installed in both dormitories.

ABOUT fifty students and teachers attended the programme of readings given by Mr. Joseph Ashman on a recent Sunday evening. His well selected group of readings were highly appreciated.

WE are glad to see the classrooms gradually coming to a state of completion. Six have already been finished. There are still six more and the library and then Branson Hall will be practically finished throughout.

MISS UNA PITT, of Johannesburg, left for home May 23. We are sorry to lose some of our students at this time. Marjorie Robison has also withdrawn, preparatory to going on furlough. Helen Wheeler will soon be going on furlough with her father.

DURING the past week about 3,500 gums and pine trees have been set out. This is the first of an order of more than 10,000 which it is expected will be put out during the winter. Mr. Shankel and Mr. Wilson

recently visited the Government Forestry Plantation at Elgin and Tokai for the purpose of placing further orders for ornamental trees. Cool weather and abundance of rain makes this a very favourable time for young trees.

### General News Notes

CHARLES THEUNISSEN, of Cape Town, has demonstrated the truth of that adage "Where there is a will there is a way." Desiring to attend the Johannesburg camp-meeting, but not having sufficient funds with which to purchase his railway ticket, he set out by bicycle for Johannesburg, and covered the distance of nearly 1,000 miles in only nine days. Brother Theunissen did not begrudge the time and energy spent, but enjoyed the meeting all the more for the effort it cost him to be there. He made the return journey by way of Bloemfontein, covering that distance in 8½ days.

### 'n Persoonlike Boodskap

Aan elke Sewende-dag Adventis

van

LERAAR C. H. WATSON

President van die Wêreldkonferensie

„SELDE was daar in die geskiedenis van hierdie volk so'n dringende behoefte as wat daar vandag is, aan die salige hoop wat die boodskap van die spoedige koms van Jesus aan vermoeide en verbysterde harte bring. Nog nooit was manne en vroue so gewillig om hierdie boodskap te hoor as wat hulle op hierdie uur is nie. Op 'n besondere wyse berei God die harte van mense voor om Sy werk gou te voleindig.

„Waarlik, die tyd is kort, en ons moet ons werkkragte organiseer om 'n groter werk te doen."—*„Testimonies," Deel IX, bls. 27.* So'n begrip van die tye behoort ons aan te spoor tot ywer in elke afdeling van Gods werk. Dis ons ernstige plig om die genootskap aan te wakker om aktief op te tree in alle soorte evangeliewerk.

„Dis veral noodsaaklik dat ons mense sal saamstaan in die ondersteuning van ons tydskrifte. Ons leef in die tydperk van die 'tydskrif,' en ons leesstof, in die vorm van tydskrifte, moet 'n groot en belangrike rol speel in die voleinding van die werk. Die tye maak 'n beroep op elkeen van ons lede om soos een man op te staan en die taak van die verkondiging van die spoedige koms van Christus aan te pak. Tot 'n groot mate moet die toename van die 'luide geroep' deur middel van ons leesstof bewerkstellig word. 'n Ruime van-die-hand-sit van enkel eksemplare van ons sending tydskrifte deur wakkere kerklede sal veel tot die redding van siele bydra.

„Die Gees van profesie gee tydigde voorligting: „Baie kan deel hê in die verkoping van ons tydskrifte. Sodoende kan hulle geld verdien vir die werk in die buiteland, terwyl hulle die saad van die waarheid in die paaië en lanings in hul eie buurt saai.

Sulke diens sal deur God-geseën word, en dit sal nie tevergeefs wees nie."—*„Counsels on Health," bls. 435.*

„Ons leef in 'n spesiale tydperk van hierdie wêreld se geskiedenis. 'n Groot werk moet gedoen word in 'n baie kort tyd, en elke Christen moet 'n rol speel in die steuning van die werk. God vra om manne wat hulself sal toewy aan die werk om siele te red."—*„Testimonies," Deel IX, bls. 125.*

„Laat ons werk met al die krag en talente wat God aan ons toevertrou het, want die nag kom spoedig wanneer niemand meer kan werk nie."

Die voorafgaande, geagte gelowige, is 'n baie tydigde boodskap. Dit bring seker aan die verstand van almal die behoefte om met meer ywer aan te druk met die sirkulasie van die *Signs of the Times* en die *Tekens van die Tye*. Die antwoord wat die broeders en susters destyds gegee het, op Leraar Watson se oproep was gesien in die sirkulasie rapport van die *Watchman* tydskrif 'n jaar later gepubliseer—byna 70,000 in twaalf maande. Dit beteken 70,000 meer siele in aanraking met die waarheid gebring.

As iedere lid van die Suid-Afrikaanse Unie Konferensie sig 'n doel stel van slegs tien eksemplare per maand, sal die gesamentlike sirkulasie van ons twee sending-blaaie styg tot 15,700 eksemplare. Tien eksemplare per lid per maand sal slegs 10d. kos—'n bedrag wat elkeen kan bekostig.

Ek weet daar is baie wat meer as tien eksemplare neem; dit is tot diegene wat dit nie doen nie dat ons die oproep rig om die sirkulasie van die *Signs* en *Tekens* te vermeerder.

F. E. POTTER.

### Notice

THOSE who contribute articles and reports to the *OUTLOOK*, should dispatch their copy to the Editor in sufficient time to have it included in the desired issue. To assist contributors we have prepared a schedule of dates not later than which copy should reach the Editor's desk. For example: Should copy be prepared for issue of August 1, it must reach the Editor not later than July 20. The following is the schedule of dates:

Issue	Copy should reach Editor
July 1 .....	June 22
July 15 .....	July 6
August 1 .....	July 20
August 15 .....	August 6
September 1 .....	August 23
September 15 .....	September 6
October 1 .....	September 20
October 15 .....	October 5
November 1 .....	October 23
November 15 .....	November 6
December 1 .....	November 21
December 15 .....	December 6
January 1 .....	December 21